

'HEL'

Die min besproke onderwerp uit predikers se kant, maar tog so baie uit die algemene se mond. Daar is baie wat oorslim is op die onderwerp en ander wat glad-nie daarvoor wil praat nie. Kom ons doen ‘n ligtelike ondersoek oor die onderwerp sodat die wat dit ligtelik opvat ‘n tweede gedagte kan hê.

Kom ons begin by Sheol wat 65 keer gebruik word in die Skrif “Ou Verbond”. Dit is ‘n Hebreeuse woord en beteken: Graf, put of ‘plek van die dood’. Sheol se beginpunt is die graf na die onderwêreld. Met die afsterwe van ‘n Adamiet gaan hy dadelik in afsondering in. Daar is vier sale; Twee waar geen water in is nie en waarvan die wande glad en glibberig is, en wat wag om geoordeel te word; Een wat verlig is met lopende drink water wat wag vir die eerste opstanding; Die laaste saal is die reeds veroordeeldes. Sheol is die begin van ‘n ander demensie waarvan die gees (asem) nie eens toegang het nie. (*Slaan gerus na: Gen.37:35; 42:38; 44:29,31; Num.16:30,33; Deut.32:22; 1 Sam. 2:6; 2 Sam.22:6; 1 Kon.2:6; Job.7:9; 11:8; 14:13; 17:13,16; 21:13; 24:19; 26:96; Ps.6:5; 9:17; 16:10; 18:5; 30:3; 31:17; 49:14,15; 55:15; 86:13; 88:3,11; 89:48; 116:3; 139:8; 141:7; Spr.1:12; 5:5; 7:27; 9:18; 15:11,24; 23:14; 27:20; 30:16; Pred.9:10; Hoog.8:6; Jes.5:14; 7:11; 14:9,11,15; 28:15,18; 38:10,18; 57:9; Eseg.31:16,17; 32:21,27; Hos.13:14; Amos.9:2; Jona.2:2; Hab.2:5*).

Net in kort oor die demensies; Met geboorte ontvang ons liggaam lewende asem (gees) waarvan dit die begin van dié demensies is. Die siel begin in die bloed van ‘n moeder (vanaf YAH) waarvan lewe dieselfde tyd as die siel begin. Die dag van geboorte (*wat lewe beteken*) wil ek ‘n ‘kritieke’ vase noem, want dit is die demensie waar Ha satan woon en waarvan hy dit dadelik wil stop sodat daardie ‘lewe’ oor moet gaan na Sheol. Onomkeerbaar is lewe, die dag as dit begin binne in ‘n moeder (daarom is YAH so streng oor hoerery). Daardie siel wat ‘lewe’ ontvang het ‘in ‘n sel vorm’ binne in ‘n moeder wat oor sal gaan na die volgende vase waar dit lug (*gees*) gaan in asem. Terwyl daardie nuwe lewe groei op aarde word dit voortdurend aangeval en so ook beskerm. Die dag toe lewe begin was die siel teenswoordig waarvan lewe ‘n hupstoot gekry het die dag toe asem in ingetree het. Die asem in die Adamiet is nie die asem wat ander lewende wesens het nie, want daar is krag in die Adamiet se asem (Mal.2:10-15).

Om terug te kom na demensies; Die lewe wat begin het bo leef in en op ander demensies. Dit lewe in die geestelike realm waar engele woon en op die aarde waar Sheol woon. Beide die realms (demensies) sal daar nog wees waarvan die Adamiet dit nie mag betree nie (*onder andere waar VADER self woon*).

Tweedens ‘Hades’ “wat ‘n Griekse woord is” en wat meer as een betekenis het nl: graf, put of “plek van die dood” word ook gebruik om die hel uit te wys. Matt.11:23; 16:18; Luk.10:15; 16:23; Hand.2:27; 2:31; Open.1:18; 5:3,13; 6:8; 20:13,14 wys die plek van die dood uit en Matt.5:22,29,30; 10:28; 18:9; 23:15,33; Mark.9:43,45,47; Luk.12:5; Jak.3:6 wys ons die Hel uit.

Ons gaan nou oor na die ‘Hel’ scenario. Die naam ‘Hel’ kom uit 'n diep smal kloof suid van Jerusalem waar sommige Hebreeuse ouers hul kinders gaan offer het aan die god van die Ammoniet “Molech” wat gedurende die konings tydperk was ( 1 Kon 11:5,7,33; 2 Kon.16; 2 Kron. 28:1-3; Lev.18:21;). Hierdie heidense god is ook verwys na as Malkam , Milkom , en Moloch in die Bybel. Hierdie vallei het later gedien as die stad se asgat (*vuilgoedhoop*) omdat daar voortdurend vullis gebrand word; Dit het ook ‘n grafiese simbool van straf vir die bese; Dit is ook aangewys as die "Vallei van Hinnom " wat in Grieks vertaal word “Hel”.

Hel is in der waarheid die plek van pyniging waar die poel van vuur nie uitgeblus kan word nie. Die Hel is oorspronklik deur YAH geskep vir die bese geeste (*engele wat in rebellie gegaan het*) en demone (*engele kinders*). Vir ons as Adamiete het YAH wette daar gestel en ons gewaarsku dat dit onderhou moet word; Indien nie sal die wetsoortreder (*Adamiet*) en ander wesens (volkere) wat teen die Adamiet oortree ook na die hel gaan.

Nou kom ons by die mis persepsies van baie skrywers.

Hulle wys altyd die hel uit as reeds werkend waar baie reeds brand of gemartel word deur demone. Oral sien jy net verskeurde liggame en pyn wat die ‘misvormde figure’ die mens toedien, maar die teenoorgestelde lees ek in die Skrif. As ons die volgende Skrif verse bestudeer sal jy sien dat niemand in die hel is nie. Hoekom sê ek so? In Matt. 8:12; 13:42; 22:13; 25:30 staan dat die ongehoorsame uitgedryf word na die “buitenste duisternis” nie na die dieptes van die aarde nie, maar “buitenste duisternis”.

Die aarde wat nie deel uitmaak van ander planeet en sterre wat hang in die duisternis nie, is waarna die oortreders uitgedryf word. Elk van planeete hang of beweeg op YAH se bevel in daardie kring wat VADER vir YAH afgetrek het in die buitenste duisternis (Job. 26:10; Spr. 8:27). Dus as YAHUSHA praat van ‘buitenste duisternis’ praat Hy van buite die aarde se atmosfeer. Ek glo dat YAH reeds die ‘hel’ geskep het en dat dit reeds gereed is om die werk te doen waarvoor Hy dit geskep het. Ek glo ook dat die hel sekerlik (*wat lyk soos ‘n ster/son*) op die verste hoek van YAH se skepping sal wees sodat dit vergete en verlore moet wees. Omrede dit weg is van die aarde en op die verste hoek van die heelal is kan niemand van die aardse skepping daarin wees nie.

Die engele wat YAH se Wette oortree het is vas gebind in Shoel en Ha satan is beperk op aarde saam met sy demone. Almal van hulle is afwagting vir die oordeelsdag waar vuur is, en die gekners van die tande sal wees (Open. 19:20; 21:8).

Nou kan ons verder gaan om te sê dat die hel 'n planeet is wat skitter soos 'n ster in die verste punt van duisternis. Daar is reeds wesens op die hel planeet wat hom oppas en gereedstaan vir wanneer YAH die veroordeeldes soontoe gaan werp. Die wesens wat daarop is, is slegs wagte wat die poorte gaan oppas. Hulle is nie daar om die veroordeeldes te pynig nie! Die planeet "Hel" self is die pyniging Open. 20:11-15.

Baie maak die hel 'n vermaaklikheid speelveld. Dit is asof hulle deel wil wees van die pynigers. Hulle beseft nie dat alles wat YAH geskep het wel perfek is nie. Skilder nou vir jouself 'n prent in die fantasie wêreld van die spotters die volgende; As daar nou demone of enige bese wese in die hel moet wees is dit 100% verkeerd! Hoekom? Hoekom sal YAH iets of iemand gebruik wat 'elk geval' 'n ewige dood moet sterf. Daar staan tog duidelik in die Skrif 'dat die wurm nie sal sterf en die vuur nie uitgeblus word nie Mark. 9:43 – 48; Jes. 66:24 Dus sal die wurms en die vuur deel wees en nie die demone nie!

Dit wat ons sien in skilderye regoor die wêreld waar die demone hulself geniet om die veroordeeldes te straf is heeltemal verkeerd. Bo het ek uitgewys dat 'hel' nie op die aarde is nie, hoe kan demone alreeds daar wees?

Die demone en die gevalle engele wat wagtend is op die oordeel, en waarvan die helse poel van vuur vir hulle wag! In 2 Pet. 2:4 staan: *Want as YAH die engele wat gesondig wette oortree het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel* (G 5020: Tartarus wat Hades is. 'Plek van die dood') *gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; Soos die demone in Mark. 5:6 En toe hy YAHUSHA van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer :7 en skreeu met 'n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, YAHUSHA, Seun van die allerhoogste VADER? Ek besweer U by VADER om my nie te pynig nie. Mat 8:29 En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, YAHUSHA, Seun van VADER? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig?*

Ek sluit met die woorde van Open. 20:10 *En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.*

Bedink dit!!